WEEK 27 | 17 JULIE 2020 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

**Oud-Heilbronner oorlede**

Saterdag was die beste dag van sy lewe nadat hy verloof geraak het, maar die vreugde was van korte duur.

>>> BLADSY 6

**Gearresteer na inbraak**

Die Welkom-polisiëringsreaksiespan was besig om hul misdaadvoorkomingspligte na te kom.

>>> BLADSY 7

**Verswakte dienslewering**

Die pyp is herstel, maar gat is egter net so gelaat met boomstompe en modder in die oprit.



# KORONA BEGRAFNIS

Die Covid-19 reëls dwing mense nou om 'n keuse te maak tussen die verbreking van tradisie en die oortreding van die wet. Hierdie week is 'n bejaarde persoon in Tokollo hospitaal oorlede aan Covid-19 en is twee dae later reeds begrawe deur AVBOB Begrafnisondernemers. Oorledenes aan die virus word in Heilbron op die Plaas Begraafplaas naby die Oranjeville pad begrawe. Volgens die maatreëls in plek word daar vereis dat die liggaam slegs 3 dae by die lykshuis mag wees, waarna 'n begrafnis dan moet plaasvind. Terwyl Suid-Afrika wik en weeg om beperkings te verslap in verskeie departemente of strenger maatreëls in plek te stel, is die reëls rondom begrafnisse steeds van toepassing. 'n Begrafnis mag slegs deur 'n maksimum van 50 persone bygewoon word, en nagwaak en besigtiging van 'n liggaam word verbied. In Heilbron word die reëls baie streng toegepas en die tweede Covid-liggaam is onlangs tot rus gelê. Die eerste begrafnis van 'n persoon aan Covid oorlede is Saterdag 4 Julie 2020 deur Wiltess Begrafnisdienste waargeneem. Polisielede, die gesondheidsinspekteur, rampbestuurder en die munisipaliteit hou toesig om te bevestig dat die gebeurtenis volgens wet uitgevoer en afgehandel word. Om die proses in kort op te som, die liggaam word in 3 liggaamsakke geplaas binne in 'n kis wat geseël moet word met silikoon. Die lyk moet by die hospitaal reeds in die kis geplaas word sodat die liggaam net een keer hanteer word. Volledige persoonlike beskermende toerusting moet gebruik word voordat die kis vervoer mag word. Indien iemand oorlede is aan Covid-19 word dit egter aanbeveel dat die persoon veras word, wat meeste mense ontneem van die tradisie om 'n geliefde te begrawe. Charlene Welgemoed van AVBOB vertel dat hierdie virus nou eers kop uitsteek en weens die feit dat daar op hulle perseel slegs een Covid-liggaam kan gehuisves word, sal selfs Heilbron binnekort hartelose massa-begrafnisse moet afhandel soos gedoen word in Amerika. Indien AVBOB 10 gevalle moet hanteer wat oorlede is aan die koronavirus, sal daar vir slegs een familie 'n begrafnis waargeneem kan word en owerhede sal ingeroep word om die ander te hanteer. Weke gelede was ons net bewus van gevalle soos my pa se ma se broer se beste vriend wat gehoor het dat sy buurman geïnfekteer is met die virus. Hierdie lys raak egter al hoe korter en ken ons almal nou al iemand wat positief getoets het.



# YSIGE VRYSTAAT VLAKTES

**Koudste nag die jaar?**

Gaan kyk ook na https://www.facebook.com/529389133910212/posts/1579589365556845/?vh=e&d=n




# OUD-HEILBRONNER NOODLOTTIG GEWOND



Vir Paul Els was Saterdagoggend die beste dag van sy lewe nadat hy verloof geraak het aan Megan Joubert. Die vreugde was egter van korte duur. Hy het die aand sy pistool veilig gemaak om in die kluis te bere toe 'n skoot afgegaan het wat hom noodlottig gewond het. Paul was die seun van Chris en Alta Els, wat in die Sasolburg omgewing woon. Hy het as Akkerboubestuurder op Skaapplaas van die Midland Groep gewerk. Hy het hom hier gevestig vroeër vanjaar na sy terugkeer van Amerika. Hy laat ook sy twee susters, Tana (21) en Ermi Els (18) na. Die Els gesin was bekende inwoners in Heilbron waarna hulle verhuis het na PE en later weer kom vestig het in Sasolburg. Paul is 'n oud-leerling van Hoërskool Heilbron en 'n gekenne terggees wat onthou sal word vir sy glimlag en lewenslustigheid. Paul sou sy 24ste verjaarsdag Augustus vier. 'n Roudiens word in die komende week vanuit die NG Gemeente Vier Ankers in Sasolburg gehou .

# BEROOF EN AANGERAND

**Ongeveer 1 uur gistermiddag is Annatjie Weilbach, eggenoot van Kobus Weilbach, by haar huis ingewag deur 5 of 6 mans, beroof en aangerand. Die inbrekers het weggejaag met 'n wit Corsa-tipe bakkie. Ringe is van haar vingers afgeruk, selfone is gesteel en ander huishoudelike toerusting is ook weggedra. Blykbaar het Annatjie tuisgekom nadat sy haar twee kleinkinders by die skool gaan oplaai het en opgemerk dat die hekke oopstaan. Die huishulp en tuinman was albei ook vasgebind. Teen druktyd was polisielede nog op die toneel en ander op die diewe se spoor. Die inwoners van 6de Straat 110 is getraumatiseerd maar stabiel na die gebeure. Enige inligting rakende die gebeure kan aan die SAPD gerig word.**



# MANDELA-DAG TYDENS SOSIALE AFSTAND

Rondom hierdie tyd van die jaar is verskeie korporatiewe besighede besig om voor te berei vir Mandela Dag (18 Julie) deur verf en tuintoerusting bymekaar te kry om plaaslike liefdadigheidsorganisasies op te kikker. Met sosiale afstand wat gehandhaaf moet word, moet mense kreatief dink hoe hulle ondersteuning kan bied aan sosiale organisasies wat geraak is tydens die Koronavirus sonder om fisies daar te wees. Wees veilig en maak só jou bydrae vir Mandela Dag: **Vra voordat jy skenk.** Vra 'n liefdadigheidsorganisasie wat hulle nou nodig het, hulle versoek kan verbasend eenvoudig wees en maklik om dit te laat gebeur. ***Your trash is another man's treasure.*** Die inperkingsperiode het baie ondernemings gedwing om hul tegnologie op te gradeer. Skenk ou rekenaars en slimfone aan skole, nie-regeringsorganisasies of ander leerinstellings. **Vennootskap.** Doeltreffende sosiale betrokkenheid behels langtermynverhoudinge en toewyding wat tyd en volgehoue inspanning verg om 'n werklike verskil te maak. Die beste manier om 'n volhoubare impak te hê, is om ondersteunende vennootskappe op vertroue en samewerking te bou. **Geld word altyd waardeer.** Jy kan 'n donasie gee aan die stryd teen COVID-19 deur inisiatiewe soos die Solidariteit Fonds te ondersteun. As jy direk aan 'n gemeenskaplike organisasie skenk, sien jy die impak voor jou. **Het jy nie geld om te gee nie?** Bied jou diens aan jou gekose liefdadigheid. NRO's sal dankbaar wees vir hulp met hul finansies, 'n webwerf, regsadvies of mentorskap. Die lewe is baie moeilik vir miljoene mense op die oomblik. Ondersteun plaaslik en dra by tot ons gemeenskappe om só 'n verskil te maak.



# HANTEER DIE VIRUS TUIS



'n Nies kan ses meter ver trek, 'n hoes drie meter en gewone uitaseming kan tot twee meter ver gaan. Indien iemand in jou huis positief toets vir Covid-19 is dit belangrik om die persoon dadelik te isoleer. Die ligte gevalle kan soos griep behandel word deur goed na jou gesondheid om te sien en self te isoleer. Baie mense het die luuksheid van 'n tuinwoonstel of buitekamer, maar hoe gemaak indien jou gesin nie hierdie geriewe in plek het nie? Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook die Fezile Dabi distrik het 'n drastiese styging in getalle gehad die afgelope paar weke. Dit is elkeen se verantwoordelikheid om isolasie streng toe te pas, al bly jy nie alleen nie. Daar is steeds doeltreffende maniere om iemand in jou huis te isoleer, al is dit onvermydelik om ander mense in die huis te hê.

**Doen die volgende:**

Hou sosiale afstand van twee meter ten alle tye. Die hele huishouding moet gereeld hande was. Slaap alleen in 'n aparte kamer waar niemand toegelaat word om in te gaan nie. Gebruik weggooibare eetgerei of hou jou eetgerei afsonderlik van die ander. Moenie saam met die gesin opskep of eet nie. Probeer aan min goed vat en maak dit waaraan jy wel vat, gereeld skoon. Eet gesond om jou immuunstelsel sterk te hou en drink vitamines. Almal in die huis moet 'n masker dra indien geselskap onvermydelik is. Die siek persoon mag slegs die huis verlaat indien hul die dokter moet besoek. Aangesien jy nie weet wie 'n hoë risiko geval is nie en jy nie iemand wil aansteek nie, moet daar vir 14 dae in isolasie geleef word. Sou jy die virus lig hê en jouself tuis versorg, is dit belangrik om genoeg vloeistof te drink, medikasie te neem om simptome te verlig, baie te rus en hou jou hartklop laag te hou, genoeg te slaap, geen oefening te doen nie, gesond te eet en alkohol, kafeïen en geprosesseerde kos te vermy. Vir die nodige energie en voedingstowwe eet kossoorte soos hawermout, joghurt, knoffel, hoendersop en enige iets Vitamien C bevat.

# WATERLEK VEROORSAAK BOTSING

Ongeveer seweuur Woensdagoggend het 'n Toyota Hilux met 'n MAN vragmotor in die hoofstraat gebots. Water wat afkomstig is van 'n pyp wat lek by Lucky Star langs Ackermans, het weens die koue weersomstandighede gevries en 'n glybaan veroorsaak op die hoek van die R57 en Kortestraat. Die bakkie het blykbaar beheer verloor nadat dit gegly het. Die pyp moes deur die loop van die aand gebars het, maar is reeds herstel later die dag. Niemand is beseer tydens die ongeluk nie.








# "WEEK SESTIEN"



## UIT DIE PEN

Sestien weke. Wie het ooit gedink Suid-Afrika sou so lank onder die Regering se bevelsraad kon oorleef?
Terloops: dit is een van die punte van kritiek teenoor tannie NDZ se komitee: "Bevelsraad" klink militêr. Daar word baie keer verwys na die besluite wat deur die Bevelsraad geneem word, en wat dan dadelik geïmplementeer moet word, so asof die kabinet die besluit geneem het. Maar ja, as die bevelsraad besluit, dan is dit so.
Is die besluite wat hulle neem dan so bindend? Klink my daar is ook nie enige frase in die Grondwet wat die vorming van so 'n raad regverdig nie. Dit is blykbaar die funksie van die Rampbestuursentrum. Die volgende wat daaruit voorspruit is: Is die bevele vanaf die (onwettige) Bevelsraad dus ook onwettig?
En toe vind die Bevelsraad ewe skielik uit dat drank aanleiding kan gee tot meer motorongelukke en die ongevalleafdeling, sowel as die intensiewe sorgeenhede van hospitale kan blokkeer.
Dit moes 'n openbaring van epidermiese proporsies gewees het om daardie afleiding te maak. What took you so long? Nietemin, so word ons oornag van ons wyn en alkoholiese verversings weggehou.
Vanoggend gesels die radio oor dokters en hulle uitdagings in hierdie tyd. Nie dat dokters al ooit sonder uitdagings was nie. Nie almal stem met my saam wanneer ek sê dat ek begrip het vir elke liewe sent wat hulle verdien nie.
Jy ken mos die grappies: "Ek het betaal vir Dr. So-en-So se Mercedes se wieldoppe." Hang natuurlik af hoe groot jou rekening was of hoe duur sy kar is.
Daar was darem al twee dokters in ons familie. My rooikopsussie was in die lewe met een getroud. Hy vertel my dat 'n gesin eendag by hom kom besoek aflê. Die Engelssprekende man vra toe: "Where do I take my son for his circumference?" My swaer het gewonder of hy gou 'n maatband in die hande moet kry om die jong man se omtrek te meet, totdat hy agterkom dat die man verwys na "circumcision" in plaas van "circumference." Wat nogal 'n langerige verskil is, as jy die woordspeling sal verskoon.
'n Ander ouerpaar bring hulle seun na hom toe, want die seun het kroep. Hulle wil weet watter behandeling hy voorstel "because we have tried everything, even the immobiliser". Dit was aanvanklik moeilik om te verstaan, totdat my swaer agtergekom het dat hulle na die "nebulizer" verwys.
Die ander doktertjie is in die Kaap waar hy mense se bene aanmekaar heg soos benodig. Ek weet hoe lank hulle geleer het om tot daar te kom. Ek het gesien hoeveel werk in die studies ingaan. Ek weet van die dae en nagte wat hulle moes "spoed" en sonder kos of slaap moes klaarkom. Hulle moes meer as hulle deel doen.
Hulle moes by staatshospitale gaan werk. Toe die Kaapse doktertjie iewers in die Vrystaat moes kom werk na afloop van sy studies, het die Vrystaatse hospitaal presies R7 op die boeke gehad. Daar was nie geld vir medikasie nie.
Daar was dreigemente dat die elektrisiteit na die hospitaal afgesit sou word, die hysbak het nie gewerk nie. Daar is foto's op die internet waar die dokters en ander verpleegpersoneel 'n persoon wat pas gesterf het, met die trappe moes dra na die lykshuis toe. En dis maar net een van die probleme.
Ons weet dat die gemiddelde staatshospitaal nie gerat is vir 'n krisis nie. Wat nog te sê 'n pandemie. Maar gelukkig het die bevelsraad dit goedgedink om vir ons 'n hele zoer mediese personeel, 217 om presies te wees, vanaf Kuba in te voer. Soos wat ek op *www.medicalbrief.co.za* lees, was daar nodigheid vir hierdie stap omdat Suid-Afrika nie genoeg mediese personeel gehad het om tydens vlak 5 inperking te werk nie.
Die artikel meld dat mediese personeel slegs tydens noodgevalle en chroniese gesondheidsdienste kon werk, maar nie vir ander redes nie. Die mediese personeel is op hierdie wyse "beskerm" teen moontlike infeksies. Daar is baie van hierdie mediese personeel wat in hulle eie praktyk staan en dus nadelig geraak is deur die inperking. Maar hier land toe gelukkig 'n vliegtuig vol Kubane wat hulle plek kan kom volstaan.
Twee vrae kom by my op: Gee die regering om vir Suid-Afrikaanse mediese personeel wat dalk 'n positiewe bydrae kon lewer?
En: As Kuba 'n kommunistiese staat is, wie trek voordeel uit die "invoer" van hierdie mediese personeel? Word hierdie mense nie eerder uitgebuit as gebruik nie?
Daar is 20 personeel na die Oos-Kaap gestuur, 28 na Wes-Kaap en 29 na Gauteng, onder andere.
Fast Forward Oos-Kaap toe. Tans, tesame met Gauteng, 'n brandpunt.. Oos-Kaap se hospitale is disfunksioneel. Daar is nie betyds personeel aangestel nie. Hulle het darem scooters, wat hulle R10 miljoen gekos het, maar kan geen pasiënt iewers heen vervoer nie. Waar sal hulle in elk geval die pasiënt heen neem as die hospitaal hulle nie kan opneem nie? Na raming benodig Oos-Kaap 10 000 beddens vir die volgende drie maande. Gelukkig bou hulle darem nou 'n veldhospitaal vir 500 beddens vir ses distriksmunisipaliteite en twee metros. So: wie gaan daarin werk? Waar gaan die mediese personeel nou vandaan kom?
Ek lees die volgende sin in die middel van 'n artikel oor die krisis in die Oos-Kaap op *www. medicalbrief.co.za:* "Over the past few weeks, we have seen a systemic collapse of the Eastern Cape health system which has placed thousands of lives in mortal danger."
Net daar hou ek toe op lees, want ek kan nie glo dat ons, na 26 jaar se demokrasie, nie eers 'n hospitaal aan die gang kan hou nie.
NS: Ek het belowe dat ek om verskoning sou vra indien ek dink dat die COVID-19 pandemie meer as net 'n storm in 't teekoppie is. Wel, hier is my verskoning: dis nou 'n groter storm in 'n teekoppie as wat ek voorheen gedink het. Nie dat ek bang is nie. Was hande, moenie bo-op ander staan nie, nies waar jou *nollos* nie op iemand anders kan land nie. En trek die ongemaklike masker aan. Sela.








# GEKLASSIFISEERD


Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za


E-POS ADRESSE
**Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za • **John Watson** john@heilbron.co.za
**Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**Celéste** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)


**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*


# WEERVOORSPELLING



| | | |
|---|---|---|
| Sa 18 Jul. | 2 / 21 | Sonnig |
| So 19 Jul. | 2 / 24 | Sonnig |
| Ma 20 Jul. | 4 / 24 | Sonnig |
| Di 21 Jul. | 4 / 23 | Sonnig |
| Wo 22 Jul. | 4 / 22 | Sonnig |
| Do 23 Jul. | 3 / 17 | Sonnig |
| Vr 24 Jul. | 3 / 18 | Sonnig |
| Sa 25 Jul. | 3 / 19 | Sonnig |
| So 26 Jul. | 4 / 19 | Sonnig |
| Ma 27 Jul. | 3 / 19 | Sonnig |
| Di 28 Jul. | 4 / 19 | Sonnig |

# SMALLS

## EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# KENNISGEWINGS

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE ANNA SUSANNA BEZUIDENHOUT,** Identity Number: 701119 0015 081, unmarried, living at 103 Pierce Street, district Heilbron 9650, Province Free State,
**Estate Number: 3341/2019.**
Hereby notice in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE ALETTA ELIZABETH JOHANNA WILHELMINA PAULINA PIATER,** Identity Number: 3004230008087, in life unmarried, residing at 22 Pierce Street, district Heilbron, Province Free State, who died on 8 January 2020,
**Estate Number: 879/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 17 July 2020.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van **WYLE BURGERT ADRIAAN OLIVIER Identiteitsnommer 290114 5002 082,** wie getroud was binne gemeenskap van goedere met **KATHERINA ELIZABETH OLIVIER, Identiteitsnommer 300316 0001 08 8,** wie woonagtig was te Huis Bron-van-Heil Bejaardesorg, dorpsgebied Heilbron, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 12 Januarie 2020, **boedelnommer 001689/2020.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van (30) dertig dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199, HEILBRON,**
**9650**
**GEREGISTREERE OUDITEUR**

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van **WYLE PERCIVAL PIETER BIDDULPH, Identiteitsnommer 291017 5004 082,** wie getroud was buite gemeenskap van goedere, woonagtig was te Markstraat 4, dorpsgebied Frankfort, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 10 Oktober 2019, **boedelnommer 001775/2020.**
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van (30) dertig dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199, HEILBRON,**
**9650**
**GEREGISTREERE OUDITEUR**

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***
G


Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
Jojo Rabbit
The Kitchen
Bad Boys for Life
Ina Lessing Jams coming soon!
Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837





**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**
R



**F&H PERENNIAL MANAGEMENT ENTERPRISES**
We decontaminate / disinfect, sanitize & sterilize institutions using ULV Fogging (Smoke) machine with Sani-Guard disinfectant liquid.
**Our other services include:**
Construction / Repairs / Supply of stationery / Office furniture / Cleaning materials / Text Books / Office consumables / PPE's
**For quotations:**
**E-mail: perennialmanagement@gmail.com**
**Phone: 082 560 5677**
**SKB**




**HERSTEL EN DIENS**
Omkap en naaldwerk masjiene.
**Skakel my gerus 068 004 9334 Elsstraat 74 Heilbron**
**K0721**

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.



**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**



GEMEENSKAPSNUUS

# GEARRESTEER NA INBRAAK

Twee mans is gearresteer nadat hulle by twee primêre skole in Phiritona ingebreek het. Op Dinsdag, 14 Julie 2020 was die Welkom-polisiëringsreaksiespan besig om hul misdaadvoorkomingspligte na te kom in die Phiritona woongebied, Heilbron.

Hulle het omstreeks 03:00 te voet gepatrolleer in die Sizabantu informele nedersetting en twee verdagtes opgemerk wat sakke dra. Die polisielede het die verdagtes genader en versoek om hulle te deursoek.

Gereedskap en dwelms is in hul besit gevind. Daar is ook stroombrekers gevind wat later bevestig is dat dit gesteel is tydens 'n inbraak by die twee laerskole in Phiritona.

Die twee verdagtes van 32 en 38 jaar oud is gearresteer en aangekla vir die besit van vermoedelik gesteelde eiendom, die besit van dwelms, en aangekla vir die oortreding van die Rampbestuurswet, Regulasie 33 (1) (A), asook die versuim om tussen 21:00 en 04:00 by die huis te bly, tensy 'n noodsaaklike diens gelewer moet word, Regulasie 48 (2).

Hulle verskyn binnekort in die Heilbron-landdroshof.






HESSENTRAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207
Afslaer



NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

Suitable service providers are hereby invited to submit proposal on the following:

| BID NUMBER | BID DESCRIPTION | COMPULSORY INFORMATION DATE & VENUE | EVALUATION CRITERIA | CONTACT PERSON | CLOSING DATE & TIME |
|---|---|---|---|---|---|
| NLM: COM-01-2020A | CALLS FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF MULTI-DESCIPLINARY ADVISORY AGENT FOR THE DEVELOPMENT OF IDENTIFIED LAND PARCELS OR PROPERTIES IN NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY AT THE OUDE WERF EXTENSION (HOSPITAL VIEW) 84.4 HECTORS (HA). PROCLAIMED 1140/1985. | NONE | 80/20 | **Planning and Housing Manager/ SPLUMA Manager** Mr. Nthiba Monyeke Email: commserv@ngwathe.co.za / nthibamonyeke8@gmail.com Contact: 056 816 2700 – 078 727 8380 | 07 August 2020 (Friday) @ 12H00 PM |
| NLM: COM-02-2020B | CALL FOR PROPOSALS FOR APPOINTMENT OF SERVICE PROVIDERS TO ENTER INTO AN AGREEMENT WITH NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY FOR THE MANAGEMENT OF OUTDOOR ADVERTISING CONTROL IN THE JURISDICTION OF THE MUNICIPALITY | NONE | 80/20 | **Planning and Housing Manager/ SPLUMA Manager** Mr. Nthiba Monyeke Email: commserv@ngwathe.co.za / nthibamonyeke8@gmail.com Contact: 056 816 2700 – 078 727 8380 | 07 August 2020 (Friday) @ 12H00 PM |

The documents will be available on Ngwathe local municipality website, E-tender portal system and SCM Offices

Copy of the above bid is available at SCM Offices at a non-refundable amount of R500.00; payable by cash at the municipal cashier point

The bid number to be used as reference and deposit slip must be submitted as proof of payment on collection of bid document.

The document maybe collected during working hours after 08H30 to 15H30, from Monday (20 July 2020), and during weekdays thereafter. The physical address for collection of bid / tender document is the office of Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Cashier's Office, Liebenberstrek, Parys, 9585.

Tenders, completed in black ink as prescribe, shall be sealed in an envelope marked with bidder's address, Tender No. and Description and be deposited in the TENDER BOX at Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Liebenberstrek, Parys, 9585.

**Bidders must take note of the following:**

- Bids must only be submitted on the bid documentation provided by the Ngwathe Local Municipality official form – (not to be re-typed/re-arranged),
- Persons in the employment of states are not allowed to bid,
- Late, unsigned, or incomplete bids will be disqualified,
- Bidders are requested to submit on original bid document clearly marked "original"
- Bidders must ensure that the company status is "In business" with the Company and Intellectual Property Commission (CIPC),
- Bidders are requested to read and take note of the "Information to bidder: attached on the bid document,
- Bidders must submit original or certified copies of B-BBEE Status Level Verification or Affidavit together with the bids to substantiate their B-BBEE rating claims,
- A Trust, consortium or Joint Venture must submit a consolidated B-BBEE Status Level Verification,
- Bidders must ensure compliance with their tax obligation and submit a tax clearance certificate or a unique personal identification number (PIN) issued by SARS to enable the Bid Committees to view the taxpayers profile and tax status,
- Bidders must submit municipal rates and taxes certificate not more than 3 months in arrears,
- Telegraphic, telefax or facsimile and late bids will not be accepted.

Ngwathe Local Municipality fully reserve the right not to accept the lower tender or accept the whole or part of the any tender or not to consider any tender submitted.

Mr. BW Kannemeyer
Municipal Manager


## OPENBARE NIE-WINS-OOGMERK ORGANISASIES MOET NOU OPTREE


Instansies soos ouetehuise, welsyns-, kultuur en sport-organisasies asook ander nie-winsbejag organisasies, moet kennis neem dat hulle volgens munisipale belastingwette verplig is om erfbelasting te betaal, maar wel ook kan aansoek doen vir kortings ten opsigte van betaling daarvan. Skriftelike aansoeke moet egter voor 31 Augustus 2020 by die munisipaliteit ingedien word om in aanmerking te kom vir kortings vir die finansiële jaar wat op 1 Julie 2020 begin het. Aansoekvorms is by munisipale kantore en by die kantoor van VF Plus Raadslid Phillip van der Merwe beskikbaar en instansies wat hulp met aansoeke benodig is welkom om Raadslid Phillip van der Merwe te kontak by 058 852 2041. Applikante moet verkieslik hul aansoeke in duplikaat voorberei en 'n afskrif deur die munisipaliteit laat stempel wanneer dit ingedien word as bewys van ontvangs daarvan. Applikante moet beskik oor 'n sertifikaat van die SAID wat bevestig dat die instansie aldaar geregistreer is vir vrystelling van betaling van inkomstebelasting, voordat die instansie vir korting op erfbelasting sal kwalifiseer. 'n Afskrif van die vrystellingsertifikaat moet by die aansoek aangeheg word.



# 40 JAAR GELEDE - UITBREIDING VORDER FLUKS

*Berig geplaas Vrydag, 25 Julie 1980*

Die imponerende ingang van die nuwe NCD kantoorkompleks op Heilbron wat opgerig word teen 'n beraamde koste van ongeveer R500 000. Die oorspronklike beplanning is so gewysig dat daar nou 'n dubbelverdieping-gebou opgerig word ten einde te voorsien aan die steeds groeiende behoeftes. Die staalkonstruksie aan die oostekant van Barrackstraat wat deur Sentraal Wes Ko-operasie opgerig word. Die ko-operasie gaan al hul bedrywighede op Heilbron aldaar saamvat. Die huidige persele het te klein geword vir die steeds groeiende onderneming.






## COVID-19 WAT JY VANDAG MOET WEET

**SA het 300 000-kerf vir Covid-19 infeksies verbygesteek.**

Die jongste getalle toon dat daar 311 049 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 4453 en reeds 160 693 mense het van die virus herstel. Hoewel Suid-Afrika die agtste meeste Covid-gevalle in die wêreld het is ons dodetal aansienlik laer as die res van die top 10. 5 973 van die bevestigde gevalle in SA is in die Vrystaat soos ontvang 14 Julie. Die jongste inligting deurgegee aan Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 14 Julie en dui aan Ngwathe 228 bevestigde Covid-19 gevalle en Heilbron staan tans op 90 gevalle.




## VERSWAKTE DIENSLEWERING



'n Pensioentrekker wat woonagtig is te Piercestraat in Heilbron, het ongeveer drie weke gelede 'n gebarste pyp op die sypaadjie by die munisipaliteit aangemeld. Werkers het op 8 Julie 2020 begin grawe om die pyp te herstel, nadat dit reeds vier keer aangemeld was. Die gat is egter net so gelaat met boomstompe en modder wat dit moeilik gemaak het vir die inwoner om met sy voertuig binne die erf te kom. Corlia Basson, dogter van die bejaarde man, vertel dat dit onaanvaarbaar is dat die munisipaliteit kan verwag 'n ouer persoon moet self opruim waar hulle herstelwerk gedoen het. Hierdie en ander insidente waar swak dienste gelewer is, veroorsaak groot ongelukkigheid onder inwoners. Die munisipale geboue in Heilbron en Phiritona het op 13 Julie gesluit weens twee COVID-19 gevalle en volgens die mediaverklaring het die geboue gister heropen. Die saak is opgeneem met Heilbron Streeksbestuurder, Mnr. Motsileng Moeketsi, waarna terugvoering ontvang is. Hy bevestig dat die waternetwerkspan op die perseel gewerk het en daar is 'n versoek gerig aan eksterne diensverskaffers om die gat weer te kom toemaak. Ongelukkig is geen terugvoering daarvan ontvang nie. Die span het die gat Woensdag per hand gaan toemaak, die area skoongemaak en om verskoning gevra vir die ongerief. Die feit bly staan steeds dat Heilbron se dienslewering besig is om agteruit te gaan.


**Wiskunde en Fisiese Wetenskappe Ekstraklasse**

**EERSTE KWARTAAL 2020 BESTE PRESTEERDERS**

Die kwartaal het 'n klompie leerders met uitstekende punte opgelewer - baie geluk aan elkeen van julle!

***Hieronder is egter die TOP presteerders tydens dié kwartaal:***

**HEILBRON (6DE JR VAN KLASSE AANBIED)**

Beste prestasie : Jané Jansen van Rensburg gr. 10 Wiskunde = 81%!!

Beste verbetering : Deoné Moolman gr. 8 Wiskunde = +14%!!

**FRANKFORT (5DE JR VAN KLASSE AANBIED)**


Beste prestasie : Isa-Marie van den Berg gr. 11 Wiskunde = 92%!!

Beste verbetering : Brandon Vorster gr. 11 Fisiese Wetenskappe = +17%!!

***Kontak my indien jy belangstel in ekstraklasse gr. 8 tot 12 vir 2020.***

***Daar is nog enkele plekke beskikbaar vir 2021.***

***Suryn Claasen 083 234 9882.***



*Jané J v Rensburg* *Deoné Moolman* *Isa-Marie vd Berg* *Brandon Vorster*

HERALD

# DIT WAS TE KOUD VIR GHOLF

Hulle sê mos gholf word gespeel ongeag die weersomstandighede. Dit was toe nie die geval verlede Saterdag op Heilbron nie.

Niemand het opgedaag vir spel nie, dit was skynbaar net te koud vir die manne. Die naweek gaan die opkoms groot wees as daar gekyk word na die op- en aanmerkings op die aanlyn gholfgroepe.

Die dubbel uitspeelwedstryde is vuurwarm en daar gaan 'n hele paar manne die naweek mekaar die stryd aansê. Die HBA maandbeker word ook gespeel en gebruiklike vleispryse is op die spel. Tussen die rondtes kan daar gesmul word aan egte boere Kerrie en Rys. Sorg dat jy teen 10:30 aanmeld en afslaan sal vanaf 11:00 wees

# JODE TROU NET MET JODINNE

Hierdie Covid 19 virus-of trek hy dalk nou by 29 – so word dit nou aan ons aardse inwoners voorgehou, gaan kom met 'n tweede aanslag. Nou seker nie so dodelik soos die Tweede Wêreldoorlog van 1939/45 nie, toe miljoene van die aardse bevolking insluiting die Jode gesterf het nie.

Sien nou ook dat die regering 'n groot "aanslag" loods om sy inwoners te oorreed om tuis te bly, maskers te dra en al die nodige voorsorg te tref om gesond te bly. Veral die bejaardes wat minder weerstand het, moet nie onverskillig wees en dink hulle is Superman/vrou nie of dalk Einstein wat alles weet nie?

So van die Jode gepraat, het altyd gewonder hoekom 'n Jood of Jodin net met hul eie ras in die huwelik tree. Dit is mos rasse diskriminasie! Moet nou vir geen oomblik dink dat Jodinne mooier is as ons pragtige dames nie – dit net terloops.

Wat die Afrikaners betref was daar na die Anglo Boere-oorlog van 1899/1902 ook maar die "gevoel" dat 'n Boer nie met 'n Engelse dame of andersom trou nie. Hierdie anti-Engels het vir jare geheers – die rooinek en rooibaadjie uitdrukking – het volkstaal geword. Dit het ook in die politiek geheers waar die Boere gestreef het na 'n eie regering.

Wat die Jode betref het "the law of Moses" waaronder hul geleef het, die rasse diskriminasie-wet gehoorsaam. Die wet van Moses "If you go unto foreign lands, you must not take foreign wives" is nie onderhandelbaar nie

Die Engelse het sedert die 1800 tot vandag toe op die wêreld-politiek 'n houvas en die klein eiland se inwoners betrek altyd sy kolonies om hom uit die moeilikheid te kry. Dink net bietjie, sedert die huidige Suid-Afrika se wordingsjare is met oorloë staatgemaak op sy kolonies om 'n bydra te maak.



*Dalk is daar 'n les te leer uit die sonwyser – met die genade van ons Skepper is ons net soveel tyd op aarde gegun – gebruik dit tot Sy eer en Verheerliking!*

Tydens die Anglo Boere-oorlog het Australië, Nieu Seeland en Indië 'n rol gespeel. Met Brittanje se 1914 Eerste Wêreld-oorlog teen Duitsland het die kolonies gehelp – insluitende Suid-Afrika. Met die Tweede Wereldoorlog was dit weer die geval. Gaan nou nie verder uitwei oor sy vergrype na goud, diamante en olie nie.

Wil graag dit ook net byvoeg dat die 1914 Rebellie ten nouste saamhang met die vuur in die volksgemoed wat nog nie geblus was nie. In die wêreldoorlog van 1914-1918 het sake verkeerd geloop toe Engeland en die Suid-Afrikaanse regering besluit het om Duits-Wes-Afrika aan te val. Mense het begin protesteer en geredeneer dat Duitsland die boere nog altyd goedgesind was.

Op Heilbron was die skole se personeel verdeeld – party was "rebelle" en ander Union Forces (Regerings of anders gestel Heilbron Kommando). Skole is ontwrig en op geestelike terrein het dit nie beter gegaan nie.

Bidure by die NG Moederkerk het nie meer bestaan nie, Sondagskool het nie plaasgevind nie. In die samelewing was verdeeldheid en broedertwis, met gevolg dat eredienste uiters swak bygewoon is. Kerkraadslede word nie bevestig nie. Die gemeentelewe het tot stilstand gekom.

Op 25 September 1915 ontvang ds. J. D. Minnaar sy demissie nadat hy op 28 Junie 1879 bevestig is. Daar is 'n straat ter ere aan sy dienste na hom vernoem.

Tydens die Tweede Wêreld-oorlog was daar ook onrustigheid in die bevolking. Daardie jare was daar ook ontevredenheid oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Die Ossewa Brandwag beweging het toe ook sy misnoeë of anders gestel sy goedgesindheid aan Duitsland ten toon gestel.

*Time Gentlemen Tom Watson*

POSTNET HEILBRON
WE ALSO COLLECT AND DELIVER SHIPMENTS COUNTRYWIDE!
POSTNET 2 DOOR
POSTNET 2 POSTNET

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
WEISSENTRAAL

BKB Louwid NOORD
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 20 JULIE 2020
DINSDAG - 21 JULIE 2020
DONDERDAG - 23 JULIE 2020
VRYDAG - 24 JULIE 2020
SATERDAG - 25 JULIE 2020
www.bkb.co.za